

# RPO Wes-Kaap

# FEBRUARIE

NUUSBRIEF

2026

# GEAGTE LID,

Die provinsie se veebedryf moet op die oomblik ‘n groot uitdaging aanspreek.

## BEK- EN KLOUSEER

Na aanleiding van die uitbreek van Bek- en Klouseer in die provinsie (Gouda, Mbekweni en Mosselbaai) is daar Joint Operational Committees (JOC) vir die verskillende staatsveearts distrikte gestig. Die JOC ondersteun die Direktoraat Veeartsenydiens, wat die verantwoordelike party in die geval van Bek-en Klouseer (staatsbeheerde siekte) is – bekamping en beheer van BKS. Die JOC word saamgestel uit alle rolspelers wat by die bekamping van die siekte betrokke is en ‘n gebeurlikheidsplan is opgestel wat elke rolspeler se rol en verantwoordelikhede uitspel. Behalwe die Direktoraat, Agri Wes-Kaap, RPO, MPO is die volgende instansies lede van ‘n JOC:

- Provinsiale Verkeer vir die opstel van padblokkades en kontrolering van vragmotoras wat diere Vervoer;
- SAPD vir sigbaarheid op paaie en hulp aan die verkeersbeamptes;
- Distrik munisipaliteite en plaaslike munisipaliteite vir ondersteuning van die verkeersbeamptes. Daar word gereël dat daar een skakelpersoon per munisipaliteit aangewys word, met wie al die ander partye kan skakel;
- Instansies wat diere vervoer en veilingskrale.

Baie goeie samewerking tussen alle partye word ervaar.

Wanneer ‘n uitbreek op ‘n plaas bevestig word, word die plaas en al die omliggende plase binne ‘n 10km radius onder kwarantyn geplaas. Die vervoer van diere word streng gemonitor. Besmette diere word dadelik ingeënt. Omdat daar nie plaaslik entstowwe vervaardig word nie, is die Nasionale Departement van Landbou in die proses om vir die invoer van entstowwe te onderhandel sodat die nasionale kudde voorkomend ingeënt kan word.

Diere wat geënt is, word met die Departement se oorplaatjies gemerk.
Die Direktoraat Veeartsenydiens identifiseer ‘n abattoir waar die diere geslag kan word wat BKS positief is. Die abattoir moet goedgekeur word, voordat daar met slagtings begin kan word. Die Departement Bosbou, Visserye en Omgewing moet ook ‘n perseel goedkeur waar die bene en afval vernietig kan word.
Omdat daar nog nie ‘n nasionale skutwet goedgekeur is nie, word daar vir ‘n provinsiale skutwet aansoek gedoen. Daar word ook gepoog om die kleinboere in informele nedersettings so goed as moontlik in te lig en op te lei oor die risiko van verspreiding van die BKS virus en ander dieresiektes wanneer diere los rondloop.

**Ons versoek graag al die produsente om te alle tye streng biosekuriteit- en naspeurbaarheidsmaatreëls toe te pas. Slegs deur almal se samewerking, sal die situasie suksesvol bestuur kan word.**

Voertuie wat tussen plase beweeg, almal wat diere hanteer, klere en skoene, toerusting en die voer op die voertuie moet onsmet word voordat dit na ‘n ander perseel beweeg.

Die Direktoraat/staatsveeartse bied ook opleidingsprogramme aan vir SAPD, verkeer en munisipale amptenare om hulle in te lig waarvoor om op die uitkyk te wees wanneer vragte by ‘n padblokkade en ook weegbrûe gestop word.



# BEK-EN KLOUSEER

# Tydlyn

2024 TOT 2026

## Julie 2024

**BKS Werkgroep gestig.**
Die BKS werkgroep bestaan uit die Wes-Kaapse Departement van Landbou se Staatsveearts-enydienste (DWLK), AWK, RPOWK, Verskeie Munisipaliteite, die Provinsiale Verkeersdepartement, die NWKV, MPO, APAC, SAFLA en die Abattoir-vereniging.

## Aug 2024

Werkgroep vergaderings gaan voort. **BKS Werkgroep vergader elke 2de week. Geen geval van Bek- en Klouseer in Wes-Kaap aangemeld.** Provinsiale Verkeer het Wes-Kaapse Weegbrûe gemonitor. Beroep op produsente gedoen om bio-sekuriteit op te skerp.

## Junie 2025

RPO Wes-Kaap insamewerking met Agri Wes-Kaap loots naspeurbaarheid stelsel - **AIMS.**

## 4 Nov 2025

Nuus ontvang vanaf DWLK dat daar 'n **moontlike geval van BKS in Gouda** is.

## 5 Nov 2025

Die **BKS werkgroep** is **bymekaar geroep** om die stand van Bek-en Klouseer fyn dop te hou. Die DWLK het die volgende bevestig:

- Daar is 'n moontlike uitbraak van BKS opgemerk by 'n plaas in die Gouda Area.
- Die plaas en 'n **10km radius** is **onder kwarantyn geplaas.** Dit beteken dat geen voertuie of diere in of uit die omgewing mag beweeg nie, alle biosekuriteits-maatreëls moet toegepas word.
- Die toetse is gestuur na laboratorium. Resultate word tussen 5-7 dae verwag.
- Ondersoeke is steeds aan die gang.

## 6 Nov 2025

**Positiewe geval** van BKS is **bevestig** in die **Gouda** area. Alle bio-sekuriteits-maatreëls bly toegepas

## 7 Nov 2025

AWK en die RPOWK bevestig dat daar 'n **omvattende operasionele plan saamgestel** is in samewerking met die DWLK om die huidige BKS situasie in die Gouda-area te bestuur.

Die **Gesamentlike Operasionele Sentrum (JOC)**, onder leiding van die DWLK, word **geaktiveer** vir deurlopende monitering, data-insameling en koördinering van optrede.

## 10 Nov 2025

**VOLGENDE 72 UUR**
Die komende dae sal fokus op die **voortgesette monitering**, die **versterking van kontrolepunte** en verdere **bewusmaking** onder produsente en die publiek. **Kontaknommers van verantwoordelike rolspelers** word aan alle betrokke partye beskikbaar gestel.

## 17 Nov 2025

Monitering en beweging-beheer gaan voort in **Gouda**.

## 26 Nov 2025

Amptelike **dag 0 in Gouda**. *Daar was bykomende diere wat proses vertraag het.*

## 15 Jan 2026

JOC vergadering. Omvattende operasionele plan is **aanvaar** om in elke Distrik munisipaliteit te operasionaliseer.

## 3 Feb 2026

Laaste **diere** op indeksplaas **uitgeslag**.

## 4 Feb 2026

Moontlike geval in **Mbekweni** (tussen Paarl en Wellington) word ondersoek.

## 5 Feb 2026

Vergadering met Eden Distrik Munisipaliteit om die **Omvattende operasionele plan** aan hulle **bekend te stel** en te verduidelik.

## 6 Feb 2026

Moontlike geval in **Khayelitsha & Mfuleni** word ondersoek.

## 8 Feb 2026

Moontlike geval in **Mosselbaai** word ondersoek.

## 9 Feb 2026

Alle gevalle is **voorkomend ingeënt.**

## 16 Feb 2026

**Die Provinsiale Bek en Klouseer JOC gestig.**
Dit is 'n gestruktureerde gesamentlike operasionele platform onder leiding van die Wes-Kaapse Departement van Landbou Veeartsenydienste. Agri Wes-Kaap en RPO Wes-Kaap, in samewerking met die Wes-Kaapse Provinsiale Rampbestuursentrum, is verantwoordelik vir die administrasie van die Bek en Klouseer JOC ten einde te verseker dat alle rolspelers in die provinsie ingelig is en gestruktureerd saamwerk

## 23 Feb 2026

- Meer as **12 000** inentings is reeds toegedien.
- Die Wes-Kaap gaan **30 000 inentings ontvang** van die 1 miljoen wat die afgelope naweek in Suid-Afrika aangekom het.

**KAAPSE METROPOOL**
- Inentings gedoen in Nyanga, Kalkfontein en Mfuleni.
- Makhaza bly onder kwarantyn.
- In Phesantekraal is daar 372 diere ingeënt

**KAAPSE WYNLANDE**
- Inentings is reeds in Klapmuts gedoen.
- Omliggende plase word ingeënt volgens 'n risiko-analise en die beskikbaarheid van entstof deur die DWLK

**TUINROETE**
- 7500 diere in die informele nedersettings ingeënt.
- Alle beheer- en kontrolepunte bly in plek.

## 2 Mrt 2026

- **Een positiewe geval** in **Kalkfontein** bevestig. Boerbokke toon kliniese simptome nadat hulle saam met die beeste in dieselfde area aangehou is.
- In **Kalbaskraal** is diere reeds ingeënt. Laboratoriumuitslae word steeds afgewag.
- Daar is 'n positiewe geval in George aangemeld wat gekoppel is aan die oorspronklike indeks plaas.
- Daar word 'n **moontlike geval in Wolseley ondersoek.**

**INENTINGSVORDERING**
- Altesaam **23 000 diere** is reeds in die provinsie ingeënt.
- 40 000 entstowwe is ontvang.
- 10 000 dosisse is na George gestuur om die inentingsveldtog voort te sit.
- Die oorblywende dosisse saal aangewend word vir inentings op hoëdigtheid-melkplase vanaf Klapmuts tot Malmesbury.
- 'n Verdere besending van entstowwe word Saterdag verwag.

RPO Wes-Kaap

AGRI WES-KAAP • WESTERN CAPE • IKAPA

# AANSOEKE VIR INENTING

BKS

Ons moedig produsente aan om hulself te registreer vir eie inenting. Die produsent doen aansoek vir inenting op hul plaas waar hulle dan 'n privaat veearts nomineer. Die aansoekvorm word goedgekeur deur Wes-Kaapse Departement van Landbou Veeartsenydienste se Hoof.

**LAAI DIE AANSOEKVORM HIER AF**

---

## KONTAKBESONDERHEDE

Meld enige verdagte BKS gevalle onmiddellik by naaste staatsveearts aan:

**GEORGE:**
044-803-3771/0
SVGeorge@westerncape.gov.za

**BOLAND:**
021-808-5028/5253
SVBoland@westerncape.go.za

**SWELLENDAM:**
021-808-5059
028-425-4850
DOA.svswellendam@westerncape.gov.za

**BEAUFORT-WEST:**
023-414-9220/1
DOA.svbeaufortwest@westerncape.gov.za

**VREDENDAL:**
027-201-3514/0
DOA.svvredendal@westerncape.gov.za

**MALMESBURY:**
022-433-8915/0
DOA.svmalmesbury@westerncape.gov.za

**OUDTSHOORN:**
044-203-9443/5
DOA.svoudtshoorn@westerncape.gov.za

**WORCESTER:**
021-808-5052
DOA.svworcester@westerncape.gov.za


# VRYWILLIGE BYDRAES:

Produsente wat die vrywillige bydraes betaal, kwalifiseer as lid van die RPOWK. Die Bestuur wil dus weer versoek dat u die Bestuur en landbouverenigings ondersteun en u medeboere wat nog nie die bydrae maak nie, aanmoedig om individueel by te dra of sy/haar agent te oorreed om wel die bydraes te vorder en oor te betaal aan RPOWK. Die kantoor sal binnekort skrywes hieroor, met volmagvorms, aan die Landbouverenigings en bestuurslede stuur.

# BLOOTSTELLING VAN RPO OP SOSIALE MEDIA:

Daar word aandag gegee aan die uitbreiding van die sosiale media platforms waarop inligting oor RPOWK beskikbaar sal wees, soos Facebookblad, webblad, podcasts en ‘n video om die doel en aktiwiteite van die RPOWK aan verbruikers en potensiële lede en invorderaars bekend te stel.

RPOWK lede word aangemoedig om die RPOWK Facebookblad te volg om sodoende by so veel as moontlik volgelinge uit te kom.



# RPOWK JAARVERGADERING:

Die Swartland skou word van 2 tot 5 September 2026 te Moorreesburg gehou.
Nampo Kaap vind van 9 tot 12 September 2026 te Bredasdorp plaas.

In die lig van die Bek- en Klouseer uitbreke, word aanbeveel dat die Agri Expo dokumente vir vervoer van diere vir alle skoue moet geld. Die voorbeeld van die dokumente word ter agtergrond hierby **aangeheg.**

Die 2026 Jaarvergadering word weer op **9 September 2026** by Nampo Kaap te Bredasdorp gehou.

Lede word nou reeds versoek om die datum aan te teken en die geleentheid by te woon.

# NASPEURBAARHEID:

Die belang van naspeurbaarheid vanaf die plaas, voerkraal, veilings tot abattoir, en uitvoere tot op die verbruikers se bord, word sterk beklemtoon. Naspeurbaarheid sal ‘n voorvereiste vir uitvoere word. In Suid- Afrika sal dit aanvanklik vrywillig wees. Alhoewel dit aanvanklik vir produsente ‘n uitgawe sal wees om met die stelsel te begin, sal dit op langtermyn vrugte afwerp en mededingendheid en finansiële volhoubaarheid verseker – dit sal ook vertroue by verbruikers versterk. Dit is belangrik dat die herkoms van diere bevestig kan word en deelname aan die stelsel sal bydra tot die bekamping van veediefstal, die beheer en voorkoming van dieresiektes en ook toegang tot internasionale markte.

Die RPO Wes-Kaap het besluit om van die AIMS stelsel (Animal Identification Movement System) gebruik te maak. Daar word vir RPO Lede vir afslag op die aankoop van die oorplaatjies en ander toerusting, ingesluit die skandeerder om die plaatjies te skandeer, beding

Kontak **louis@awk.co.za** OF **helena@awk.co.za** OF **https://awkaims.co.za**

Die DLWK het ‘n toepassing “App” ontwikkel wat alle inligting bevat rakende die vervoer van diere en die dokumente wat die diere moet vergesel. **https://tinyurl.com/AnimalMovementApp** .

# VEEDIEFSTAL:

Mnr Wessel Fourie, Voorsitter van die Provinsiale Veediefstalkomitee het kortliks oor die Komitee se aktiwiteite rapporteer.

Lede en landbouverenigings word aangemoedig om goeie verhoudings met die plaaslike eenhede te bou. Besonderhede van die veediefstaleenhede is soos volg:

| | | |
|---|---|---|
| • Beaufort-Wes | 023 414 8568 | 082 469 7434 |
| • Kuilsrivier | 021 843 1801 | 082 339 7158 |
| • Malmesbury | 022 482 7021 | 082 469 7358 |
| • Oudtshoorn | 044 293 9066 | 082 469 7419 |
| • Swellendam | 028 514 8360 | 082 469 7324 |
| • Worcester | 023 356 4030 | 072 560 2404 |

Die eenhede herhaal die volgende versoeke aan produsente:

- Alle diere moet korrek gebrandmerk word en gereeld getel word – dit help om sake makliker te kan oplos;
- Alle veediefstalsake moet dadelik aangemeld word – die mannekrag, toerusting en voertuie per SAPD stasie word daarvolgens bereken;
- Die misdaadtoneel moet beskerm word vir die ondersoekspan - omdat dit meestal in die buitelug plaasvind, kan leidrade maklik deur verskeie faktore vernietig word.

Indien daar nie voldoende vordering met sake gemaak word nie, kan dit by die provinsiale Veediefstalkomitee of Veediefstal Koördineerder (Kapt PJ Zaayman) aangemeld word.

Die RPOWK betaal vir RPOWK lede se koste wanneer DNA toetse (vir veediefstal hofsake) by die Unistel Laboratorium op Stellenbosch gedoen word. Doen navraag by **helena@awk.co.za**

Produsente word aangemoedig om betrokke te raak by landelike veiligheid en van die Agri Wes-Kaap landelike veiligheid Whatsapp gebruik te maak om sake aan te meld **079 969 0045**.

Volledige besonderhede oor die voorkoming van veediefstal kan in die Handleiding bekom word, by:
http://www.stocktheftprevent.co.za/wp-content/uploads/2016/07/veediefstalhanddleiding -1.pdf

STERKTE MET U BOERDERY,

*Vriendelike Groete*

